

'n Perkroniese herbeskouing van Rembrandt van Rijn: Selfaanbieding binne 'n gebroke-kosmos-raamwerk

Jeanne Joubert

Jeanne Joubert: Navorsingsgenoot, Departement Kunsgeschiedenis en Visuele Kultuurstudie,
Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Rembrandt van Rijn se selfuitbeeldings met 'n bybelse tema lei hierdie ondersoek na die omvang van 'n gebroke mens- en wêreldbeeld in sy werk. Calvin Seerveld (o.a. 1980a, 1993) se ontwikkeling van 'n tipikoniese metodologie vir die kunshistoriografie, soos uitgebrei deur Dirk van den Berg (1984, 1985, 1989, 1990, 1996), dien as uitgangspunt, met die moontlikheid dat langs diakroniese, sinkroniese en perkroniese asse fyn differensiasies tussen kunswerke en hulle kontekste bereik kan word. Seerveld se uiteensetting van 'n moontlike perkroniese tradisie van grenslose, maar ook radikale vertroebeling, open veral 'n rykdom van moontlikhede om met 'n nuwe perspektief na Rembrandt van Rijn se werk te kyk. Die geskilderde selfportret is nie net die vaslegging van 'n spieëlbeeld nie, maar 'n kunsgenre wat aansluit by 'n stelsel van redelik konstante *topoi*, konvensies en patronen wat die subjektiwiteit van die kunstenaar op die voorgrond kan stel. Postmoderne debatte bied die moontlikheid om terug te keer na temas en benaderings wat skynbaar hul toepaslikheid verloor het. Interpretasie deur 'n gebroke-kosmos-verband kan huis dergelike benaderings met ander mikpunte aktualiseer sodat dit 'n nuwe blik op kunstenaarskap en die kunsgeschiedenis kan aktiveer. Rembrandt van Rijn se werk is so gerig op betragners dat dit ondenkbaar sou wees dat betrakterestetika (Kemp 1985:203–21) nie as van kardinale belang in sy werk beskou kan word nie. Terselfdertyd lig sy mensuitbeeldings die alledaagse en doodgewone menslikheid uit, bely die inherente feilbaarheid van mense, maar belig ook die hoogste in mense deur die moontlikheid van genade. Dit sou nie vir my moontlik wees om enigsins die rykheid en omvattendheid van 'n gebroke-kosmos-tradisie, die dinamiek van die verskillende verwantskappe, verskuiwings en verdiepings wat daarin vervat kan word, tot 'n volledige of finale definiëring of uiteensetting te bring nie. Die wye en vervlekte moontlikhede vir interpretasie wat daardeur geopen word, vra vir verdere ondersoek.

Trefwoorde: Rembrandt van Rijn; selfportret; Paulus; kruisigung; gebrokenheid; vertroebeling; gebroke-kosmos-tradisie; perkronies; tipikonies; wêreldbeeld; Bybel; godsdiens; betrakter; Nederlandse tradisie

Abstract

A perchronic reconsideration of Rembrandt van Rijn: Self-presentation within a troubled-cosmos framework

A perchronic reconsideration of Rembrandt van Rijn necessitates inquiry into his self-presentations with biblical themes to discover a troubled-cosmos worldview expressed in his work. Between 1625 and 1636 self-presentations, often as assistant figures, appear several times in his paintings with a biblical connection. *Self-portrait as the apostle Paul* (Figure 1) is his first self-portrait with biblical implications after a period of nearly 25 years. This suggests a return to self-depiction with biblical allusions, or even a statement of his personal position late in his life. This approach may represent a strong empathetic identification with the apostle Paul and the abundant references to the apostle in the Christian world.

It is possible that, on advice of Constantijn Huygens, Rembrandt van Rijn included himself in his paintings of the crucifixion as a rhetorical artifice of conviction – *Christ on the cross* (1631) (Figure 2), *The deposition from the cross* (c. 1633) (Figure 3) and *The elevation of the cross* (c. 1636) (Figure 4). During this time Huygens translated John Donne's poem “Good Friday: Riding Westward” (1613) from English into Dutch. Donne's meditative confessional poem suggests that the poet could have found himself incapable and unworthy of gazing upon Christ's crucifixion, but when he confessed his own need of unmerited grace, he could turn around and gaze on the face of God (Donne 1971). Rembrandt van Rijn could have identified with these ideas to the extent that it becomes more than mere self-inclusion: by placing his assistant figures intimately at the centre of the Christian concept of redemption, it suggests self-presentation, or even self-confession.

This study takes Calvin Seerveld's development of a typiconic methodology for art historiography, as extended by Dirk van den Berg, as its point of departure. It poses the possibility that fine distinctions can be made between art works and their contexts along diachronic, synchronic and perchronic axes. Seerveld's development of a possible *troubled cosmic tradition* may open up a wealth of possibilities for the interpretation of Rembrandt van Rijn's work. Seerveld's approach may be further complicated, but also enriched, by a 17th-century Dutch tradition in which Rembrandt van Rijn's work is embedded.

A painted self-portrait not only concretises a mirror image, but falls within an art genre that is linked to a system of reasonably stable *topoi*, conventions and patterns, often charged with symbolic meaning and that places the artist's subjectivity in the foreground. Postmodern debates explore the possibility of returning to approaches and themes which have apparently lost their applicability. Interpretation by means of a tradition that refers to a radical, and at the same time, infinite brokenness, may effectively actualise such approaches and generate new perspectives on art historiography and on being an artist. It may unlock new horizons that lead to the discovery of the complexity and plurality with which Rembrandt van Rijn's work can function within a troubled or broken worldview.

The represented turning movement of the figure in *Self-portrait as the apostle Paul* (Figure 1) and the apparent communicative gaze suggest recognition of a fellow human viewer. Rembrandt van Rijn's work implicates viewers to such an extent that it would be unthinkable to ignore the role of viewer response aesthetics or not to recognise the hermeneutics of the image as central to his work.

Human nature and human fellowship, in their full *gloire et misère*, are at the heart of Rembrandt van Rijn's work. His representations of people expose the everyday and ordinary aspects of humanity and confess the inherent fallibility of people that reaches further than ethical concerns. At the same time they also illuminate the most noble in people through the possibility of grace. Gabriele Guercio (2006) argues that a well-considered life-and-work model may infinitely amplify and enrich the interpretation of paintings.

This centrality of the human figure poses the question whether the troubled cosmic tradition is primarily concerned with being human, not in a heroic sense, but focused on the profound and comprehensive fragility, frailty, vulnerability, shortcomings, incompleteness, imperfection and deficiency of people which saturate and relativise our lives – Seerveld's (2010:5) "clay jar man and woman". It may also be a tradition with a radical focus on the fragility of human relationships: between God and man, people with one another, each person with him- or herself and inevitably, because it concerns the art world, the attentive relationship between artists and viewers.

It is impossible to give a final definition or reach a definite conclusion with regard to the troubled cosmic tradition and the fertile and extensive possibilities of interpretation that it may produce. The profundity, different relationships and displacements that this tradition reveals necessitate further investigation.

Keywords: Rembrandt van Rijn; self-portrait; St Paul; crucifixion; troubled-cosmos framework; perchronic; typiconic; worldview; Bible; religion; viewer; Dutch tradition

1. Agtergrond van hierdie studie: studente-vrywilligers

Rembrandt van Rijn se werk belig deurlopend nie net 'n besondere betrokkenheid by die Bybel en die genadeboodskap nie, maar openbaar veral 'n kernbelang in vertroebelde menslike lyding, feilbaarheid en gebrokenheid wat wyer strek as persoonlike of etiese belang. Die primêre doelstelling van hierdie artikel is om die moontlikheid te verken dat daar op 'n Christelike manier, met 'n spesifieke fokus op gebrokenheid, na Rembrandt van Rijn se werk gekyk kan word.

'n Christelike perspektief het tot dusver beperkte toepassing gevind in die kunsteorie. Die grond vir navorsing uit hierdie perspektief is reeds gevestig deur Calvin Seerveld se ontwikkeling van 'n tipikoniese metodologie vir die kunshistoriografie, 'n kunsteoretiese teorie wat plaaslik veral uitgebrei is deur Dirk van den Berg (1984, 1985, 1989, 1990, 1996). Dit kan 'n vrugbare strukturele raamwerk bied vir die kontekstualisering van kuns onder sorgsaam-gedifferensieerde kategorieë (sien ook Belting, Dilly, Kemp e.a. 1985). 'n Uiteensetting van 'n moontlike gebroke-kosmos-tradisie (soos geformuleer deur Seerveld) in die kunshistoriografie word derhalwe deel van die primêre doelstelling.

Hierdie is 'n navorsingsartikel waarin literatuurstudie van belang is. As riglyne vir my interpretasie steun ek hoofsaaklik op die mens- en wêreldbeskouings en "scripturally directed"metodes van Seerveld en Van den Berg se kunshistoriese werk. Dit beteken nie dat gebruik gemaak word van a priori-strukture nie, maar dui op ondersoekwyses waarop gekyk

kan word na kunstenaars se bewustelike of onbewustelike inkleding van hulle werk met 'n spesifieke fokus om verbeeldingryk deur betrakteurs uit hul eie perspektiewe ontvang te word. Dit kan die kompleksiteit en pluraliteit van die verwagtingshorisonne waarin hulle funksioneer, oneindig uitbrei.

Die visuele fokus van my benadering vra vir 'n hermeneutiese ontgunning van visuele tekste. As sentrale visuele vertrekpunt kies ek uit Rembrandt van Rijn se selfportrette met bybelse verwantskappe sy *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) en die moontlike selfportrette in sy kruisigingstonele (1629-36), *Christus aan die Kruis* (Figuur 2), *Die Kruisafneming* (Figuur 3) en *Die Kruisoprigting* (Figuur 4). Dit beperk nie net die wye veld van bybelse verwysings in sy werk nie, maar kan ook 'n moontlike selfbetrokkenheid daarby uitlig. Hierdeur word die belang van die selfportret ook betrek in die eerste uitgangspunt van die artikel.

Die term *selfaanbieding* belig die konteks – die kommunikasietussen skilder, kunswerk en betrakteur – maar terselfdertyd die performatiewe aard van selfportrette. Selfaanbieding kan gesien word as 'n proses, 'n *performance*. Die sosioloog Erving Goffman (1959) beskryf dit as selfpresentasie (*presentation of the self*) – 'n proses waarin kunstenaar en geportretteerde in samespanning verkeer. Burke (2001:28) argumenteer dat dit wat portrette, skilderye of foto's van mense boekstaaf, "is not social reality so much as social illusions, not ordinary life but special performances". Berger (2000) verbind *self-presentation* (selfpresentasie of selfaanbieding) en *self-representation* met teatrale en performatiewe aspekte. Wanneer *self-representation* vertaal word as *selfverteenwoordiging* kan die begrip verder uitgebrei word.

Mieke Bal se gebruik van *Rembrandt* as verwysing na die kunstenaar fokus op Rembrandt van Rijn as kulturele konstruksie om erkenning te gee aan die oorvloed van geskrifte rondom die persoon en sy werk (Bal 1991, Adams 1998:4).¹ Aangesien my benadering van 'n gebroke-kosmos-tradisie in beginsel hiervan verskil, verkies ek 'n alternatiewe verwysingsvorm, *Rembrandt van Rijn*, om myself bewus te hou van die moontlikhede van menslike feilbaarheid, bewoënheid, vertroebeling en gebrokenhede in sy werk.

Tipikoniese tradisies bepaal die temas wat kunstenaars vir hulle uitbeeldings kies, die motiewe wat hulle gebruik (of weglaat) om hierdie temas mee uit te beeld, en hulle eie interpretasie of inkleding van die temas. Die idee van 'n perkroniese kunshistoriese tradisie is moontlik die mees belowende en innoverende komponent van hierdie metodologie. Dit maak onderskeidings van herhalende tipes wêreldbekouings wat in die verskillende eposse naas mekaar kan bestaan, moontlik. Die tipikoniese gebroke-kosmos-tradisie, soos onderskei deur Seerveld, sal hier as sentrale uitgangspunt van ondersoek dien.



Figuur 1. Rembrandt van Rijn (1606–1669), *Selfportret as die Apostel Paulus* (1661).
Olie op doek, 91 x 77 cm. Amsterdam: Rijksmuseum.

2. Selfaanbieding in bybelse verband

Selfportret as die apostel Paulus (Figuur 1) beklemtoon die plek van selfaanbieding, maar ook van vertroebelde menslikheid in Rembrandt van Rijn se werk. In die meer as veertig selfuitbeeldings wat hy deur sy lewe skilder,² is *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) die enigste enkelfiguur met 'n bybelse verwysing; dit is ook die enigste selfvoorstelling waarin hy homself as 'n bekende historiese persoon aanbied.

Rembrandt Harmenzoon van Rijn (1606–1669) is een van die grootste en indringendste eksponente of vertolkers van portrette en selfportrette in die geskiedenis van kuns. Die buitengewoon groot aantal en uiteenlopendheid van sy selfportrette word eers gedurende die laat 19de en die 20ste eeu bekend. Sy selfaanbiedings is geensins eenduidig nie, maar deurdring van toespelende ambivalensies, soos die vloed van sy resepsiegeskiedenis oor jare getuig. 'n Omvangryke literatuur het rondom sy selfuitbeeldings tot stand gekom, terwyl dit ook 'n vaste verwysingspunt in die literatuur oor die selfportretkuns in die algemeen geword het – telkens opgeneem deur mense uit verskillende tydperke en vanuit uiteenlopende perspektiewe.

Die apostel Paulus beklemtoon deurgaans in sy brieue die sentraliteit van die kruisiging van Jesus in die Christelike evangelie. Rembrandt van Rijn se moontlike vereenselwiging met 'n bewussyn van menslike sonde en skuld, maar ook met die Christelike genadeboodskap van verlossing, wat in *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) 'n plek kan vind, tree miskien selfs nog meer direk na vore in *Die Kruisafneming* (Figuur 3) en *Die Kruisoprigting* (Figuur 4) waar hy homself voorstel in direkte nabijheid van die lyding en dood van Jesus Christus.



Figuur 2. Rembrandt van Rijn (1609–1669), *Christus aan die Kruis* (1631). Olie op paneel, 100 x 73 cm. Le Mas d'Agenais: Collégiale saint Vincent.



Figuur 3. Rembrandt van Rijn (1606–1669), *Die Kruisafneming* (c. 1633). Olie op doek op paneel, 89 x 65 cm. München: Alte Pinakothek.



Figuur 4. Rembrandt van Rijn (1606–1669), *Die Kruisoprigting* (c. 1636). Olie op paneel, 95,7 x 72,2 cm. München: Alte Pinakothek.

In sy selfuitbeeldings het Rembrandt van Rijn, deur 'n wye spektrum fiktiewe personae, bepaalde onderwerpskeuses gemaak en uitbeeldingsvorme gekies. In sy vroeë assistentselfportrette gebruik hy verskeie religieuse identiteite met 'n spesifieke soort bybelse verwantskap, waaronder *Die Kruisafneming* (Figuur 3) en *Die Kruisoprigting* (Figuur 4).³ In *Christus aan die kruis* (Figuur 2) is hy self moontlik die model vir die Christus-gelaat, moontlik gebaseer op 'n ets, *Selfportret met oop mond, asof skreeuend* (Figuur 10]. In *Die Kruisoprigting* (Figuur 4) vorm die skuinsgekantelde kruis met die strak Christus-figuur daarop 'n vreemde lichte fokuspunt in 'n andersins donker skildery. Die onewewigtinge posisie van die kruis is vreemd vir hierdie genre, maar terselfdertyd 'n vektor na die persoonlike: die vasgespykerde voete van die Christus-figuur is teenaan die wit kraag van die figuur wat help met die oprigting van die kruis – 'n voorstelling van Rembrandt van Rijn se eie ernstige, fronsende gelaat. In *Die Kruisafneming* (Figuur 3) kan sy gelaat twee (moontlik drie) keer teruggevind word, in direkte kontak met die gekruisigde liggaam.

Rembrandt van Rijn kon homself op voorstel van Constantijn Huygens ingesluit het in die kruisigingsvoorstellings, as retoriiese kunsgreep van oortuiging.⁴ Gedurende hierdie tyd het Huygens die meditatiewe belydende gedig "Good Friday: Riding Westward" (1613) van John Donne (1572–1631) uit Engels in Nederlands vertaal. Donne suggereer in sy persoonlike benadering dat hy dit onmoontlik sou vind om getuie te wees van Christus se kruisiging deur sy onwaardigheid om dit gade te slaan. Slegs wanneer hy sy eie verdienste aan straf bely, kan hy hom omdraai om na God se gelaat te kyk (Donne 1971). Rembrandt van Rijn neem Huygens se moontlike voorstel verder as blote selfinsluiting. Dit kan, soos by Donne, ook

selfaanbieding, selfbelydenis word, veral as in ag geneem word dat hy homself as assistentfigure besonder intiem in die sentrum van voorstellings van die Christelike verlossingsgeskiedenis inplaas.

Die kruisigingsvoorstellings vorm deel van 'n Passie-reeks wat in opdrag van die Prins van Oranje gemaak is;⁵ die temas is meer as net *topoi*; dit word volledig as bybelse temas herkenbaar, in die volle betekenis daarvan. Hierdie sober, kleiner en beskeie groep skilderye is nie as altaarstukke of liturgiese stasies van Christus se Passie vir kerklike gebruik gemaak nie. Elkeen van die skilderye is afgesonder van die kamerruimte en betrek slegs die blik van die betrakter in die eie verhaalwêreld van die voorstelling. Die nabye beskouing kan 'n unieke intimiteit skep wat kan aansluit by 'n moontlike persoonlike belydende benadering.

Deur homself te stel as sentrale deelnemer aan en getuie van die kerngebeurtenis in die Christelike heilsgeskiedenis, in aanraakkbare nabyheid van die gekruisigde Christus, verleen hy aan sonde, belydenis en vergifnis 'n sentrale plek. Dit lê 'n ander soort brug tussen menslikheid en heiligeid: dit toon Christus se vernedering aan die kruis, maar stel ook 'n direkte affektiewe en identiteitsverband met die Gekruisigde waardeur Rembrandt van Rijn se heilshistoriese rolspel in hierdie skilderye 'n spesifieke gerigtheid van selfkritiek in sy werk kan belig. Hierdie instelling plaas hom nie net binne die heilsgebeure, in die sentrum van die uitbeeldings van Christelike skuld en verlossing nie, maar skep ook die moontlikheid om sy werk te lees uit die perspektief van die tipikoniese raamwerk wat as kosmies-gebroke beskryf kan word.

In Seerveld se terminologie kan die tydsgebondenheid van kunshistoriese verskynsels benader word deur die koördinasie van tipologieë langs die sogenoemde diakroniese, sinkroniese en perkroniese asse. Eenvoudige kronologie is hierin nie bepalend nie, maar eerder komplekse verhoudings tussen verskillende eposse, periodes en tradisies. Hierdie metodologie erken terselfdertyd dat geen kunshistorikus aan die eie diakroniese, sinkroniese en perkroniese kontekste kan ontsnap nie.

3. Kunshistoriese diakronie



Figuur 5. Lucas Cranach die Ouere (1472–1553), *Die kruisiging met die wet en die evangelie* (1552–3, 1555), sentrale paneel van die gevleuelde Weimar-altaarstuk. Tempera op paneel, 360 x 621 cm wanneer dit oop is. Weimar: Stadskerk van die heilige Petrus en Paulus. (Koerner 1993:369)

Hoewel Lucas Cranach die Ouere gedurende die Noordelike Renaissance in Duitsland werk, kom elemente van die diakronies verskillende Hoog-Gotiek nog algemeen in sy werk voor. In sy altaarstuk *Die Kruisiging met die wet en die evangelie* (Figuur 6), word die menslike figure regs van die kruis byvoorbeeld uitgebeeld met klere in die klassieke styl, terwyl die figure van die gekruisigde en die opgestane Christus se kleding in die vloeiente Gotiese liniëre styl voorgestel word, waar die dinamiese lynwerk die Middeleeuse mistisisme kan demonstreer.

Martin Luther se geskilderde blik in Cranach se Weimar-altaarstuk kan ooreenstemming toon met die starende, afwesige blik van die kunstenaarsfiguur in Rembrandt van Rijn se *Kruisoprigting* (Figuur 4). Dit kan dui op nadenke, wat suggereer dat nie net van *buite* na die werk gekyk kan word nie, maar dat die persone se *interioriteit* by die totaliteit van die skildery gevoeg kan word. Rembrandt van Rijn se internalisering kan teruggevoer word na denkveranderinge wat gedurende die Hervorming ingetree het en visueel voorgestel word deur Lucas Cranach.

Rembrandt van Rijn en Lucas Cranach plaas hulself as sentrale assistentfigure binne hul kruisigingstonele. Terwyl Rembrandt van Rijn, in die sentrum van die voorstelling, sy persoonlike nabijheid aan die skuinsgekantelde kruisigingsfiguur beklemtoon, plaas Cranach homself in die sentrum van die skema van verlossing. Die gekruisigde Christus-figuur verdeel Cranach se altaarstuk in twee vertikale dele, soos 'n oop boek, wat die sentraliteit van die Woord en die leesbaarheid van die werk beklemtoon. Anders as by Rembrandt van Rijn swewe die kruis by Cranach amper onsigbaar tussen mense se bestaanswêrelde en die wêrelde van die Woord, sodat betrاغters gedurig bewus kan wees van beide.

Die moontlikhede van hierdie opponerende wêrelde ontmoet in Cranach se selfaanbieding wat die betrاغter tegemoet tree met liggaamshouding en direkte blik. Sy figuur word met die kruis verbind deur 'n straal bloed wat direk uit Christus se sy op sy kop val, die oomblik van sy regverdiging, en met die opgestane Christus aan die linkerkant van die skildery deur die geïmpliseerde voltooiing van die boog van die bloedstraal. Die bloedstraal eindig by Luther se Bybel, wat die betrاغter reseptief kan aktiveer deurdat dit na hom/haar gedraai is by die vers, in die Duitse volkstaal: "Die bloed van Christus reinig ons van alle sonde" (Koerner 2004:232). Luther se hand is op die oop Bybel waarin Paulus die sentraliteit van die opstanding stel (1 Korintiërs 15:20–28; Romeine 3:21–32), alles binne die heilsgeschiedenis wat in die agtergrond en bokant Cranach se kop verder skematisies uitgebeeld word.⁶

Cranach se *gravitas*, wat terugspieël op die heersershofhoudings, as voorstelling van standvastigheid en daadkragtigheid, kan die betrاغter oortuig van sy erns: ons kan kyk in die oë van die kunstenaar as in dié van iemand wat glo in dit wat hy hier aanbied, wat die kunstenaar en betrاغter tot "ooggetuies" maak. Cranach se posisie tussen Johannes die Doper

en Luther verbind hom en betragners met die boodskap van die Hervorming en die sentraliteit van geloof alleen (*sole fides*). Dit maak 'n beslissende Reformatoriese transformasie in die konsepte van gebrokenheid en belydenis sigbaar. Teenoor die persoonlike skuldbekentenis van Rembrandt van Rijn is belydenis hier 'n eksemplariese roetine wat minder klem plaas op die persoonlike belydenis, of selfs die kollektiewe kommunikasie, as die juridiese wetlik-bindende aspekte daarvan.⁷ Terwyl die altaarstuk die visuele verwagtinge van betragners verbyster deur die gloeiende (erotiese) rykheid daarvan, ontlok dit "our interpretative attention and suggests that coherence must be sought not in the scene's *appearance*, but in its *meaning* – what biblical exegetes call the *hyponoia*" (Koerner 2004:378). Hierdie diagram van redding konfronteer die betrakter met 'n leerstelling wat blindelings geglo moet word. As *Merckbild*,⁸ en nie as kultusbeeld nie, doen Cranach se altaarstuk 'n beroep op die rede, met 'n veel wyer heilshistoriese en helderder uitleg as dié van Rembrandt van Rijn.

Die ingrypende kentering wat Rembrandt van Rijn uit sy Barok-perspektief visueel voorstel in sy *Kruisoprigting* (Figuur 4) is 'n ooreenstemming van voorkoms en betekenis en dat belydenis van menslike swakheid werklik *sola fides*, deur die enkeling is. Uit 'n diakronies verskillende perspektief het Cranach se altaarstuk nie die menslikheid en patos van Rembrandt van Rijn se kruisigingstonele nie. Cranach se Reformatoriese voorstellings van menslike gebrokenheid en goddelike genade gebruik min emosie of versiering, eerder 'n distansiëring, 'n ikonoklastiese herbeskrywing deur die kruisbeeld, van dit wat vernietig is om die wet te volbring, ongeskik vir aanbidding en verering, amper onsigbaar vir die persone rondom – 'n poging om die onsienlike sigbaar voor te stel. Om dit visueel uit te druk, baai Cranach die kruis in 'n kontra-empiriese lig – die *lux vera* (Koerner 2004:12).

Die beduidende diakroniese verskille tussen Cranach en Rembrandt van Rijn se kuisigingsuitbeeldings gaan veral om betekenisvolle veranderinge in die historiese gang van kuns en van die aard van visuele beelde of voorstellings. Tydens die epogale waterskeidings by makrokonsepte soos *primitief*, *antiek*, *Middeleeus*, *modern* en *postmodern* word die aard en funksies van kuns totaal getransformeer.⁹ Gedurende 'n tydperk gaan dit nie net oor die kulturele ontwikkeling van die spesifieke era nie, maar veral om die moontlikhede vir langdurige veranderinge. By die oorvleuelende areas van die drumpsituasies tussen tydperke vind 'n dubbele interaksie plaas – enersyds by die groot historiese veranderinge, maar andersyds ook veranderinge by talle minderheidsgroeperings en hulle lewenstyle, lewenshoudings en kuns – wat, soos by die Suid-Afrikaanse situasie, dien as bevestiging dat diakroniese veranderinge meer is as neutrale historiese voorwaardes (Van den Berg 1989).

4. Kunshistoriese sinkronie



Figuur 6. Peeter Pauwel Rubens (1577–1614), *Die kruisafneming* (1611–14). Olie op doek, sentrale paneel, 421 x 313 cm. Antwerpen: O.L. Vrouwekathedraal.

Verrassings in menslike gedrag wat gedurende een diakroniese tydperk voorkom, maak verskillende uitgangspunte of interpretasies van die tydperk moontlik. Verskillende generasies in dieselfde era skep verskillende inisiatiewe. Binne die algemene aansluiting by die epog bestaan gelyktydige maar teenstellende partyskappe wat uiteenlopende standpunte kan akkommodeer. Gedurende die Barok, byvoorbeeld, gaan die werk van Peeter Pauwel Rubens en Rembrandt van Rijn, soos ook dié van Titiaan (1488/90–1576), Michelangelo Meresi di Caravaggio (1571–1610), Nicolas Poussin (1594–1665), óor kulture en neem die definisie van die mees dinamiese kulturele leierskap.

Hoewel Schama (1999) konsentreer op die gemeenskaplike tema en die formele ooreenkoms tussen Rembrandt van Rijn se *Kruisafneming* (Figuur 3) en Peeter Paul Rubens se *Kruisafneming* (Figuur 6), kan dit huis die verskillende stemme wat bestaan in elke diakroniese era belig. Kunstenaars reageer op die epogale tyd, die gemeenskap, die oorgeërfde en verworwe voorwaardes van hul bestaan, op beide feitelike en normatiewe vlakke, en interpreer die kultuur daarvan op uiteenlopende maniere (Van den Berg 1993). Rembrandt van Rijn en Rubens werk in die Barok-tradisie en gebruik Barok-retoriek, maar met beduidende verskille. Rembrandt van Rijn se werk is ook teatraal, maar anders as dié van Rubens: heftige emosies ontbreek nie in Rembrandt van Rijn se werk nie, dit word bloot nie in Rubens se heroïese bevelsvorm aangebied nie – eerder as 'n uitnodigende, saamspelende, lúisterende vorm.

Schwartz (2006:152) suggereer dat Constantijn Huygens se opdrag aan Rembrandt van Rijn vir die Passie-reeks, waarvan *Die Kruisafneming* (Figuur 3) deel was, 'n navolging van Rubens se werk kon insluit, maar dat Rembrandt van Rijn in die taal van die Hoog-Barok 'n verskillende verhaal met selfvertroue vertel het. Wat Schama (1999) as emulasie van Rubens

beskou, kan eerder 'n stelling teenoor Rubens wees. Met dieselfde komposisie as uitgangspunt transformeer Rembrandt van Rijn Rubens se heroïese benadering tot een van menslikheid en swakheid. Wheelock (2005:31) belig, soos Bauch (1967), die enorme konseptuele verskille tussen die Protestantse Rembrandt van Rijn en Rubens, die Vlaamse Katolieke Christen-humanis van die Kontrareformasie wie se godsdienstige werk deurdring is met die Klassieke ideale van die Antieke en Renaissance-kuns.

Erkenning van hierdie sinkroniese realiteit verhoed eendimensionele interpretasies waardeur periodes as homogene, opeenvolgende of siklies-herhalende eenhede beskou kan word. Waar die Middeleeue, Vroeg-moderne en Moderne eras afsonderlike diakroniese wêrelde-in-oorgang is, is die Renaissance, Barok en Rokoko sinkroniese periodestyle binne ander eras of epogge. Tydstrominge is onder meer sinkronies in die sin dat opponerende strominge langs mekaar bestaan as alternatiewe kulturele minderhede en lewenstyle. Elkeen van hierdie tydstrominge bestaan ook voor en na afloop van die relatief kort periode waarin dit om verskillende redes die sosiokulturele toneel oorheers het.¹¹

5. Kunshistoriese perkronie

Die mees fundamentele onderskeid tussen Rembrandt van Rijn se *Kruisafneming* (Figuur 3) en Rubens se *Kruisafneming* (Figuur 6) dui bes moontlik op verskille in wêreldbeskoulike raamwerke. Seerveld (1980a) het die begrip *perkronies* geïdentifiseer om die deurlopendheid of herhalende terugkeer van tipikoniese formate, of verbeeldingryke wesenstrekke wat vasgelê is in die historiese gang van wêreldbeeldtradisies, van ander samelopende dimensies te onderskei. Uiteenlopende wêreldbeskouings kan verbeeldingryk bevat word in verskillende perkroniese tipikoniese formate of raamwerke met die potensiaal van ooreenstemmende tipes beeldmag, geaktualiseer deur onderskeie kunstenaar- en betragsertipes (Van den Berg 1984, 1989, 1996). Dit belig die gekompliseerde teenwoordigheid van duidelike tipes verskillende perkroniese kunstradisies deur die geskiedenis van uitbeeldings soos die sceniese Pieter Janz. Saenredam (1597–1665), die pikareske Jan Steen (1625–1679), die idilliese Jacob van Ruisdael (c. 1628–1682) en die skematistiese Jan Vermeer (1632–1675), wat gedurende dieselfde tydperk as Rembrandt van Rijn in Nederland gewerk het.

Rembrandt van Rijn se kruisigingstonele toon nie, soos by sy leermeester, Pieter Lastman, net 'n nuwe narratiewe benadering tot of 'n onheroïese beskrywing van die gebeure nie (Bauch 1967, Alpers 1983). Hy werk inteendeel indringend en sorgsaam met die menslike betrokkenheid daarin en met 'n diepgaande oorgawe aan die godsdienstige implikasies van spesifieke situasies (Chapman 1990:108). Sy alledaagse benadering en besondere fokus op die *grandeur et misère* (Taylor 1989:x) van menswees onthul 'n gesitueerdheid in 'n gebroke-kosmos-hipotese wat inherent tipikonies verskil van die heroïese tradisie waaruit Rubens funksioneer. 'n Wêreld van sinkroniese en perkroniese tipikoniese teenstellings lê tussen die atleties-gespierde Christus-figuur van Rubens en die "collapsed and dislocated sack of organs" (Schama 1999:291) van Rembrandt van Rijn s'n.

Aangesien tipikoniese tradisies wêreldbekoulike raamwerke betrek, met ander woorde die wyds moontlike verbande, is meer as spesifieke elemente, figure of temas ter sprake by die tipering van 'n tradisie. Hoewel pikareske elemente in Rembrandt van Rijn se werk teenwoordig kan wees, hoef die klem op die geheel nie te beteken dat eenheid of eenvormigheid bereik moet word om te kan tipeer nie; die identiteit van perkroniese eienskappe sal eerder vanuit 'n kern uitwaaier om moontlike botsende elemente of temas te akkommodeer, te absorbeer, toe te eien, om daardeur tot kommentaar te kom.

In Seerveld (o.a. 1980a, 1993) se metodologie vir kunshistoriografie, die belangrikste bron vir die begrip van tipikoniese formate, word die volgende perkroniese tradisies tentatief onderskei: die mistieke, pikareske, erotiese, paradigmatische, idilliese, sceniese, heroiese en kosmies-gebroke tradisies. Dit is nie waterdigte onderskeidings nie, maar is vloeibaar en aanpasbaar. Die hoofstrome in die Renaissance en Barok word beheers deur kunstenaars uit die heroiese tradisie, soos Peeter Pauwel Rubens, Michelangelo Buonarroti en Pietro Bernini; Raphaello Sanzio en Nicolas Poussin uit die paradigmatische tradisie, en kunstenaars soos Giovanni Bellini, Giorgione Castelfranco en Claude Lorrain uit die idilliese tradisie. Gesamentlik vorm hulle historiese konstellasies wat bloot kortstondig deur een van die veelheid gedomineer word. Die sekulêre Verligting van die Rokoko is idillies beskryf deur Nicolas Lancret, pikaresk deur Pietro Longhi, heroës deur Giovanni Tiepolo. Klapwijk (1971) noem dat tussen Rembrandt van Rijn en die kunstenaars van die Romantiek die sekulariteit van die *Aufklärung*¹² gekom het, waar die menslike rede die besef van goedheid, skoonheid, reg en godsdiens bepaal. Die Romantiek, met die radikaliserings daarvan, kan ook as 'n tradisie optree, sodat daar Romantiese of Romanties-geïnspireerde kunstenaars van volgende geslagte kan wees, met talle laat-19de-eeuse en vroeg-20ste-eeuse uitlopers, soos Simbolisme, Sesessie en Art Nouveau, wat in talle aspekte tematies kan aansluit by die Romantiek.

6. 'n Moontlike Nederlandse tradisie

'n Verdere komplisering in die 17de-eeuse Nederland is dat, ten spyte van die teenwoordigheid van skilders uit verskillende tipes perkroniese kunstradisies wat gedurende dieselfde tydperk as Rembrandt van Rijn werk, die kulturele tydstroom wat hy met ander Nederlandse kunstenaars deel, so spesifiek is dat selfs van 'n Nederlandse tradisie gepraat kan word (Walford 2007:95–100). Die bekende Nederlandse godsdienstige verdraagsaamheid van die tyd speel 'n belang rol hierin.¹³ Betragters kan met meer vryheid reageer, aangesien skilderye, benewens die verwagte interpretasie, ook 'n etiese aanspraak op hulle kan maak.¹⁴

By die Nederlandse kuns word die gevalle toestand van mense, die stryd tussen goed en kwaad in elkeen, allusies na die verganklikheid van die lewe en van aardse besittings beklemtoon. Skilderye van landskappe, genre-tonele, stillewes getuig veral hiervan (Wheelock e.a. 1999). Dit vind ook uitdrukking in 'n komiese benadering wat Lisa DeBoer (2005) as 'n alternatiewe tradisie stel teenoor die humanistiese, antroposentriese Italiaanse Renaissance.¹⁵ Sy vind dat 'n groot gedeelte van die kuns van die Nederlande "embraces the

smallness of humankind and the realism of human sin and imperfection, but that nonetheless holds out hope for a joyous consummation" (DeBoer 2005:54), soos in Rembrandt van Rijn se werk.

Wat Seerveld (1993:63) "the cross ofthese two x and y axes, the cultural period dynamic and the typiconic format (art tradition)" noem, kan verwys na 'n kombinasie van die sinkroniese Barok-tydstroming (wat Nederlandse kunstenaars uit alle tradisies bevoordeel en verryk) en die perkroniese tradisies soos die pikareske benadering by Pieter Bruegel en Jan Steen (Westermann 1996). Dit kan 'n intensivering van gebrokenheid by Rembrandt van Rijn se werk aktualiseer wanneer die tydstroming van die Protestantse Barok, die grondtoon van 'n Nederlandse tradisie en die tipikoniese gebroke-kosmos-tradisie in sy werk mekaar ontmoet.

7. 'n Gebroke wêrldbeeld

Seerveld (1993:63) beskryf "a typiconic format called '*'troubled cosmic'*', where awareness of unresolved evil needing reconciliation sets the parameters; an unidealized normality is disturbingly deep, and misery as a surd is touched by glimpses of joy". Hy noem Rembrandt van Rijn, die laat Goya, Manet, Van Gogh, Barlach en Rouault as tentatiewe voorbeeld van 'n kosmies-vertroebelde of -gebroke tradisie wat fokus op die radikale en grenselose gebrokenheid van die werklikheid, 'n werklike *kosmiese* gebrokenheid. Rembrandt van Rijn se benadering is gegrond in die Christelike beeldtradisie wat hy nuut bedink en aanbied. Sy werk is so deurlopend gemoeid met vertroebeling of gebrokenheid dat hy as 'n baken of spesifieke groepunt van die kosmies-gebroke of gebroke-kosmos-tradisie beskou kan word in die verdere verloop van die geskiedenis, op dieselfde manier as wat Michelangelo Buonarotti van die heroïese tradisie, Raphael Sanzio van die paradigmatische tradisie en Pieter Bruegel die Ouere van die pikareske tradisie as historiese rigtinggewers vir die verskillende tradisies in die visuele kunste gesien kan word (Ebertz 2006).

Volgens Van den Berg verteenwoordig die tipikoniese kosmies-gebroke tradisie

die rykste en mees ontslate wêreldbeskoulik en artistieke tipe wat histories meestal uit 'n selfbewuste Christelike oortuiging gegroeи het – alhoewel nie altyd in 'n persoonlik-belydende sin nie, en soms selfs in 'n uitgesproke antitetiese sin. In voorstellings en uitbeeldings van In voorstellings en uitbeeldings van gebroke-kosmiese pikturaliteit word 'n kritiese of satiriese instelling gekombineer met 'n besef van die waarde van selfkritiek, solidariteit, alledaagse natuurlikheid, en die gesond-doodgewone ordinêrheid. Geen idealisering vind plaas nie en die indruk van grootsheid, diepte van insig of heftigheid van ontroering wat soms geskep word, het 'n duidelik onheroïese karakter. Daar is 'n bewussyn van kwaad, van menslike sonde en skuld, van verval en miserie, van 'n betreurenswaardige gebrokenheid en lyding wat van meer dan bloot etiese of persoonlike omvang is. Terselfdertyd is daar ook 'n bewussyn van genade, van verlossing, van genesing en bevryding, van die goeie, intieme en vreugdevolle. Die uitbeelding van 'n onopgeloste spanning, asook berusting te midde van stryd, het tot gevolg dat gekompliseerdheid en 'n vermyding van eenduidige vereenvoudiging kenmerkend van hierdie tipe is. Hierdie

meersinnigheid veroorsaak saam met die voorliefde vir swart en geel kleure dat skilderye in hierdie tradisie soms 'n reputasie van "duisterheid" verkry het. (Van den Berg 1984:51)



Figuur 7. Rembrandt van Rijn (1606–1669), *Die drie kruise* (1653). Droënaald-ets en buryn op velum, eerste stadium, 38,5 x 45 cm. Amsterdam: Rijksmuseum.



Figuur 8. Rembrandt van Rijn (1606–1669), *Die drie kruise* (1653). Droënaald-ets en buryn, vierde stadium, 38,5 x 45 cm. Londen: Britse Museum.

Soos in Rembrandt van Rijn se geskilderde kruisigingstonele staan 'n gebroke menslikheid sentraal in sy ets *Die drie kruise* (Figuur 7)¹⁶ wat in etlike stadia geëts, en waarvan vier bekend is. Die kruis word omring deur alledaagse figure, maar in die eerste drie verwerkings word die figuur van die hoofman oor honderd wat Jesus erken as die Seun van God, sentraal geplaas. Die figuur kniel links onderkant die gekruisigde Christus-figuur wat die fokuspunt van die ets is, met sy rug na die betrakter, soos 'n belyer, maar ook as betrakterstoegang (*relay*) tot die uitbeelding.

In die vierde verwerking van *Die drie kruise* (Figuur 8) is 'n verskuiwing van fokus vanaf die intens-betrokke hoofman oor honderd na die onbetrokke ruiter. Die figure word drasties verminder en die geheel word, soos by 'n kosmiese verduistering, so swaar verdonker dat die medegekruisigdes en figure rondom die kruise bykans verdwyn. Die oorblywende figure kan, in die wêreld van die voorstelling, visuele metafore word vir die verskillende maniere om die kruisigingsboodskap mis te loop.¹⁷ Terselfdertyd kan hulle verskillende ingeskilderde betrakterstipes verteenwoordig, waarteen die kunstenaar, as bewoë vermaner, waarsku: die ruiter wat as 'n tipe Pisanello-figuur (geneem van 'n *quattrocento*-medalje) 'n simbool word vir die humanisme; die Joodse figure wat die Ou Testamentiese wet en profete verteenwoordig en hulle rug op die gebeure draai; die verharde misdadiger, wat staan vir onbelydende sondaars; maar ook die amper verskuilde betrakerspersona, die gebroke (heidense) belyer van die genadeboodskap (Halewood 1982) uit 'n tradisie wat kosmiese implikasies het vir 'n gebroke mensdom.



Figuur 9. Jane Alexander (1959–), *The sacrifices of God are a troubled spirit* (2002–2004). Versterkte gips, olieverf en gemengde media, wisselende afmetings. New York: Katedraal van St John the Divine, All Souls Bay (Perryer 2004b:21–3).¹⁸ Foto deur Mario Todeschini. © Jane Alexander/DALRO.



Figuur 9a. Jane Alexander (1959–), *Lam met dorings en gesteelde stewels* (2002–2004) (Perryer 2004b:21–3). Detail uit Figuur 9. Foto deur Mario Todeschini. © Jane Alexander/DALRO.

Tradisie impliseer temas wat herhalend terugkeer in die werk van kunstenaars, ook gedurende verskillende tydperke. Uit 'n diakronies inherent verskillende postmoderne tyd skyn die Suid-Afrikaanse kunstenaar Jane Alexander in *The sacrifices of God are a troubled spirit* (Figuur 9)¹⁹ verbande te lê met 'n radikale gebrokenheid en 'n nuwe interpretasie te maak van Rembrandt van Rijn se etse van *Die drie kruise* (Figuur 7 en 8). *Lam met dorings en gesteelde stewels* (Figuur 9a) kan aansluiting vind as gekruisigde deur die uitgestrekte reguit arms met rooi rubberhandskoene, die goue dorings op die gladde kop en die afwesigheid van 'n mond (die implikasie van stomheid kan aan Christus verbind word as *Lam van God* in Jesaja 53). Dit word ondersteun deur die figuur van *Harbinger* as voorloper,

aankondiger of moontlike profeet. Wanneer die installasie in verband gebring word met Rembrandt van Rijn se *Christus vertoon aan die mense* (1655),²⁰ kan die Lam ook as *ecce homo*-figuur geïnterpreteer word. Selfs met die gestroopte skematiese hersamestelling daarvan kan die installasie uit dieselfde gebroke kosmos funksioneer as dié wat Rembrandt van Rijn se kruisigingstonele voorstel.

Skuldbelydenis staan sentraal in Alexander se *The sacrifices of God are a troubled spirit* (2002-2004) (Figuur 9). Dit kan fungeer rondom 'n kern van 'n bewussyn van kwaad, sonde en skuld wat versterk word deur die koorwerk van Gregorio Allegri (1582-1652), *Miserere Mei, Deus* (c. 1638, Psalm 51 – *a prayer for remission of sins*), wat deel gevorm het van die installasie. Hierdeur kan dit aansluit by 'n tradisie van vertroebelde menslikheid soos by dié van Rembrandt van Rijn, as 'n meersinnige perkroniese terugkeer en nie as 'n eenvoudige herhalende wederkering nie. 'n Perkroniese herbesinning van Rembrandt van Rijn se selfaanbiedings kan sodanig betrek word by 'n kritiese blik wat Alexander se installasie op die gevestigde "Rembrandt" (Bal 1991) kan bied.

Wanneer Alexander in die titel van haar installasie *The sacrifices of God are a troubled spirit* (Figuur 9) Psalm 51 se *broken* na *troubled* verander,²¹ kan dit 'n retoriiese reaksie wees, soos 'n antwoord wat tegelykertyd 'n wending is. Alexander verstaan "the shift reading almost as an alternative diagnosis, or a second opinion; a sense of humanity that is conflicted rather than already annihilated" (Perryer 2004a:61); dit open die moontlikheid van genesing in gebrokenheid.

Slegs 'n verandering in wêreldorde kan aan menslike bestaan ware betekenis bring (Psalm 51:20-21). *Troubled* suggereer vir my 'n wyer betrokkenheid by en besorgdheid oor die daaglikse menslike probleme, pyn, ellende, sorge, veroudering, verval, eensaamheid, vervreemding en sterflikheid, as *gebroke*. Ook lees ek *gebroke* meer as 'n voltooidheid, terwyl *troubled* die proses en die duur daarvan onderstreep. *Gebroke* beklemtoon sterker die radikaliteit van die "trouble", maar albei het die omvattendheid van *kosmies* nodig om die diepte-dimensie daarvan te onderstreep.

Die kosmiese aspek van gebrokenheid is hier van kernbelang. Gebrokenheid omvat die hele skepping waar die eerste breuk tussen God en mens lei tot 'n vertroebeling in die verhouding tussen God en mens, en mens en mens. Hoewel die mens uitgelewer word aan eie ellende en sonde, kan daar tog 'n smagting na verlossing en versoening bly wat uiteindelik tot sigbare werklikheid gebring kan word deur Christus se lyding en sterwe aan die kruis, sy opstanding en hemelvaart. Griekse filosofiese tekste toon reeds dat denkers sin wou maak van die kosmos, die wêreld en die mens. Die mistasting om vastigheid te soek in die mens word telkens begaan, terwyl onthou moet word dat God 'n kosmiese God is (Psalm 148, Jesaja 6:10).²² Rembrandt van Rijn beklemtoon huis die broosheid en feilbaarheid van mense en hulle verhoudings. Seerveld (1988:40) herinner ons daaraan dat "our Scripture reveals that God is the Creator of our human fragility and takes our temporality seriously".

Alle kunstenaars is, soos alle mense, gebroke wesens – en ook alle betragners, soos Van den Berg (1996) se modelle illustreer. Dit kan suggereer dat die produksie en resepsie van die

verskillende tradisies deur 'n gebroke-kosmos-perspektief geraak kan word, sodat daar byvoorbeeld ook 'n alternatiewe Christelik-kosmiese blik op die pikareske, die paradigmatische, die erotiese tradisies kan wees.²³ In die (self)portretkuns sal die gebrokenheid ook per definisie as 'n persoonlike realiteit vertolk word; kunstenaars sal egter verskil oor wat die aard, oorsprong, omvang, gevolge van die gebrokenheid sou wees. Kunstenaars wat aan die radikaliteit van die gebrokenheid, genesing, versoening en die blywende vermenging daarvan die mees diepgaande vertolking gee, soos Rembrandt van Rijn as belangrikste voorbeeld, sal die kosmiese aspekte daarvan belig.



Figuur 10. Rembrandt Harmenzoon van Rijn (1606–1669), *Selfportret met oop mond, asof skreeuend* (1630). Ets, 8,1 x 7,2 / 7,3 x 6,2 cm – 3 stadia. Amsterdam: Rijksmuseum.



Figuur 11. Rembrandt Harmenzoon van Rijn (1606–1669), *Selfportret as 'n bedelaar wat op 'n wal sit* (1630). Ets, 60 x 50 mm. Amsterdam: Rijksmuseum.

8. Alledaagse aanbiedings

Rembrandt van Rijn se bekende geskrewe verduideliking in 'n brief aan die Stadhouer oor "die meeste ende die naetuereelse beweechgelickhey" ²⁴ fokus nie net op beweeglikheid nie, maar ook op die *naetuereelse*, die natuurgetroue aard van sy werk.²⁵ In *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) word die persoon as aards, alledaags, skilderkunstig onafgewerk voorgestel. Rembrandt van Rijn se onheroïese ets *Selfportret met oop mond, asof skreeuend* (Figuur 10) wat as model kon gedien het vir *Christus aan die kruis* (Figuur 2) word deur Schwartz (2006) in verband gestel met sy etse van bedelaars, soos *Selfportret as 'n bedelaar wat op 'n wal sit* (Figuur 11). Dit belig die eenvoudige, nederige en onopvallende aspekte van die daaglikse bestaan, soos wat Christus sy lewe op aarde gevoer het; maar ook die uitsonderlike in die alledaagse lewe.

Gabriele Guercio (2006) wys daarop dat 'n deurdagte lewe-en-werk-model die interpretasie van skilderye oneindig kan uitbrei en verryk. Volgens Ricoeur (1988) se *basiese kommunikasie* kan selfkennis slegs deur ons verhouding tot die wêreld en ons lewe met en tussen ander mense in die wêreld ontplooи. Deur afstandneming word die alledaagse

werklikheid omvorm met verbeeldingryke variasies wat die kunsaktiwiteit op die alledaagse bestaan uitoefen, 'n fiksionaliserende herbeskrywing van die werklikheid wat Aristoteles as die *mimesis* van die werklikheid beskryf het (Ricoeur 1981:142).

Die eenvoud van die daaglikse lewe as die sfeer van die menslike bestaan (Bauch 1967:77, Taylor 1989) soos Rembrandt van Rijn dit gebruik, kan aansluit by Augustinus se soeke na 'n nederige preekwyse, 'n *sermo humilis*, as 'n versoening van die laer literêre styl van die evangelietekste met hulle kosbare geestelike inhoud (Koerner 2004:124). Die alledaagsheid van Rembrandt van Rijn se voorstellings van Christus se lewe en lyding in ons wêrelde kan ook 'n stelling wees van die omvang van Christus se sterwe wat nie net vir die siel was nie, maar vir die hele kosmos wat herstel moet word, wat teruggekoop moet word om weer deel van Sy verbond te word.²⁶ Mense, as breekbare kruike, word die bewaarders van hierdie kosbare waarheid.

9. Medemenslikheid

In Rembrandt van Rijn se *Kruisoprigting* (Figuur 4) betrek die blootgestelde weerloosheid en die ongemaklike strak plasing van die diagonale kruisigingsfiguur-betragters in 'n visuele narratiewe proses deur afwagting op die afgryslike, pynlike oomblik wanneer die skuins geskilderde kruis sal inval in die vertikale posisie om die verwagte plek in die komposisie te voltooi. Die gat waarin die kruis deur die beweeglike *enargeia* daarvan gaan val, word só op die voorgrond van die ruimtelike voorstelling geplaas dat dit lyk asof die kruisigingsfiguur uit die skildery in die wêrelde van die beliggaamde betrakter sou kon inval.²⁷ Die verbeeldingryke voltooiing van hierdie gesuggereerde bewegings wat gesuspendeer bly in die skildery, sou die eksterne betrakter voor die skildery die naaste posisie voor die kruis gee. Die betrakter wat kan identifiseer met die tematiese fokus in die verbeeldingswêrelde van die skildery, kan telkens deur 'n meelewende verbeeldingsprong die eerste getuie word van Christus se kruisigung as 'n wêrelveranderende revolusie.

Volgens Seerveld (2000:316–29) kan die betrakterverhouding funksioneer binne 'n definiërende raamwerk waarin gevoel, kennis, beskrywing, denke onderliggend behoort te wees aan 'n verbeeldingryke openheid teenoor die nuanses, die estetiese kwaliteite, die verwysingsrykdom van die skildery wat dit ontsluit.²⁸ Ontoereikende of oordadige reaksies kan 'n werk ontneem van "all its lovely polyphonic or polysemous ambiguity" (Seerveld 2000:322).²⁹

In die sentrale ligkol by *Die Kruisafneming* (Figuur 3) van Rembrandt van Rijn is die bleek, gebroke en dooie Christus-figuur nie meer die geïsoleerde fokuspunt wat dit by *Die Kruisoprigting* (Figuur 4) was nie. Die dood het Christus finaal gelykgestel met menslike sterflukheid en sonde, sodat Hy deel word van die groep wat sy liggaam hanteer. In die binneste kring van die twee amper konsentriese sirkels van figure waarin die Christus-figuur omsluit word, aan die rand van die ligkol, dra twee figure die gelaatstrekke van die skilder: een is besig om die liggaam te ontvang en die ander (die figuur op die leer) hou Christus se

regterhand sorgsaam vas (White en Buvelot 1999:89). Dit is opvallend dat die hande wat die Christus-figuur aanraak, met doeke bedek is. Die aanraking is eerbiedig, versigtig en word amper onsigbaar gedoen.

Deur verdubbeling van teenwoordigheid word die getuienis-aard van die werk versterk, maar ook 'n ander sy daarvan belig: soos in *Die Kruisoprigting* (Figuur 4) stel Rembrandt van Rijn sy persoonlike solidariteit met, maar ook sy intieme nabyheid aan die Christus-figuur voor, maar terselfdertyd ook met die binnekring van mense naaste aan Hom wat fokus op die *coram Dei*-karakter van Christenskap – nie net *ek* nie, maar ook 'n empatiese *ons*.³⁰ Die koesterende lig en gedempte kleure saam met die sagte, versigtige en sorgsame manier waarop die liggaam hanteer word, kan 'n uitbeelding van versorgende liefde tussen mense wees, maar ook van goddelike genade wat uitdrukking vind in menslike handelinge. Dit lei 'n besondere medemenslike betractersbetrokkenheid in wat deurgaans uitsonderlike aktualisering vind in Rembrandt van Rijn se werk.

Menslikheid en medemenslikheid sal sentraal kan staan in 'n gebroke mens- en wêreldbeeld, soos ook, met enkele uitsonderings, in selfvoorstelling.³¹ Wanneer gekonsentreer word op die mensbeeld binne die klimaat van die gebroke-kosmos-tradisie, kan aanvaar word dat beeldwaardigheid, met die skepping, deel van menslikheid word. Deur *Ebenbildlichkeit* (Badt 1956:377) met die Skeppergod kan die mens beelddraer of *imago Dei* word (Badt 1933, 1956; Bauch 1960, 1962, 1967; Brandon 1968; Lützeler 1975; Scheffczyk 1969; Schöne 1959) wat voltooiing in die Skepper vind (Bauch 1962:172). Die religieuse diepte waarmee selfbewussyn en selfkennis godsbesef en godskennis weerspieël, is sigbaar in selfvoorstellings wat nie net die fisiese voorkoms van die model toon nie, maar ook poog om die *gees* in sy transiente openheid, broosheid en weerloosheid uit te beeld. Menslikheid, in die volle *gloire et misère* daarvan, vorm die uitgangspunt, nie net van *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) en Rembrandt van Rijn se kruisigingstonele nie, maar van bykans al sy werk.

Die soort credo- of belydende effek wat die hele voorstelling selfkrities op die kunstenaar fokus, kan slegs deur die betrakter geaktiviseer word, uit 'n eie lewensbeskouing. Die betractersrol binne *Die Kruisoprigting* (Figuur 4) word deur Rembrandt van Rijn self, onbeskut, oorgeneem as ooggetuie. Hy word meer as die Middeleeuse moraliteitsfiguur van *Everyman* (*Elckerlijc*), wat die skuld van die mensdom op homself neem (Schama 1999:294) sonder om soos Jesus daarvoor te sterf: hy word ook getuie van die "basic reality, going to the core of our humanity [...] our human need to repent of sin and to accept God's gracious forgiveness" (Seerveld 2005:49). Maar hoe meer Rembrandt van Rijn deur die assistentselfportret, as herleier, 'n selfkritiese belydenis maak van sy eie menslike swakheid, feilbaarheid en onvolkomenheid – letterlik die skuld op homself neem, self die oorsaak van die kruisiging word – hoe meer word dit ook van die betrakter verlang (Koerner 1993:407); kan die betrakter van Rembrandt van Rijn se kruisigingstonele ook die uiters persoonlike skuldbelydenis van Jacob Revius, "Hy droeg onse smerten" (1630), toe-eien:³²

Ick bent, o Heer, ick bent die u dit heb gedaen
Ick ben den zwaren boom die u had overlaê,

Ick ben de taeye streng daermee ghy ginct gebonden,
De nagel, en de speer, de gessel die u sloech,
De bloet-bedropen croon die uwen schedel droech:
Want dit is al geschiet, eylaes! om mijne sonden. (Chapman 1990:165)

10. Selfaanbieding uit 'n vertroebelde perspektief

Die apostel Paulus se deurlopende belydenis in sy briewe van eie tekortkominge, sondigheid, ellende en 'n grondige behoefte aan verlossing deur genade, kan aansluit by die belydende aard van *Die Kruisoprigting* (Figuur 4). Wanneer Rembrandt van Rijn sy eie gelaat gebruik as model vir die uitbeelding van Paulus in 'n selfstandige selfportret – *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) – kan hy homself moontlik selfbelydend met Paulus verbind.

Die term *selfportret* het nie in Rembrandt van Rijn se tyd bestaan nie. Die 17de-eeuse persoonlikheid word primêr gesien as deel van 'n stelsel van onveranderlike skildertipes of genres wat reeds vanaf die Klassieke bestaan (Van de Wetering 1999:17–19, Raupp 1984).³³ As 'n enkelfiguur, die blik gerig op die betrakter, sou *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) as uitbeelding van 'n bybelfiguur kon inpas in die hoër genre-sisteem van die historieskilderkuns. Terselfdertyd kon dit deel van die laer skilderorde van die portretkuns wees, as 'n *portrait historié* (Sutton 2005:57–65), of as 'n selfportret. Portrette kan verstaan word as 'n afsonderlike genre wat verskil van ander kunskategorieë deur die manier waarop hulle geproduseer word, deur dit wat hulle verteenwoordig of demonstreer, en hoe hulle funksioneer as verbruikers- of tentoonstellingsobjekte (West 2004:11).

Hoewel selfportrette bou op die portretbegrip wat dit voorafgaan en beskou is as 'n subgenre van die portret (Stoichita 1992), ontstaan hulle as outonome uitloopsel van die portret gedurende die oorgang vanaf die Middeleeue na die Nuwetydse era wanneer kunstenaars nie meer anoniem optree nie, maar selfbewus hulself as kunstenaarspersone uit eie reg voorstel. By Berger (2000:173) se ondersoek na die struktuur van verhoudings tussen skilders en geportretteerde kan die "boredom of sitting" wat hy as moontlikheid stel, byvoorbeeld nie bestaan wanneer die skilder ook die geportretteerde is nie.

Die huidige begrip en gebruik van *selfportret* het eers gedurende die 19de eeu met die opkoms van die Romantiek ontstaan as 'n herdefinisie van die *ek* wat ondersteun is deur die letterkunde³⁴ en ontwikkelende psigologiese studies (Rosenblum 1975). Dit kan verwys na 'n soeke na of die uitdrukking van 'n *conscience existentielle*, 'n individualiteit wat fundamenteel verskil van dié van die 17de eeu. Ook die begrip van self-ondersoek impliseer die Romantiese konsep van 'n self. Hoewel dit inherent verskil van Rembrandt van Rijn se tyd en van sy benadering, beteken dit nie dat hy nie gemotiveer kon gewees het om ook sy eie individuele karakter, temperament, emosies of artistieke identiteit op 'n persoonlike wyse te verken nie (Van de Vall 2003:98).

In so 'n verkenning kan hy met *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) aansluit by die meersinnighede van 'n bewussyn van kwaad, van menslike sonde en skuld, van lyding en 'n

diepsnydende gebrokenheid wat wyer strek as bloot etiese of persoonlike omvang en wat deurgaans in Paulus se briewe resoneer. Paulus staan sentraal in die Reformatoriese Nuweverbondsteologie; naas Christus is hy die bekendste figuur in die Nuwe Testament en die grootste vormgewer van die Christelike geloof.³⁵ Sy lewe is 'n grafiese beskrywing van gebroke menslikheid, maar ook van die skynbaar paradoksale Christelike genadeboodskap van goddelike krag in menslike swakheid; dat ek teenoor myself moet sterf om te kan lewe.

Die handgreep van 'n swaard wat dofweg onder die mantel uitsteek in *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1), suggereer, saam met die oop boek, die tradisionele attribute van die apostel. Hoewel die swaard ikonologies geïnterpreteer kan word as die tweesnydende swaard van die Gees,³⁶ vind ikonografiese kodes of ikonologiese stelsels min voorkeur in Rembrandt van Rijn se werk.³⁷ Hy het ook nie, soos sy tydgenoot Charles le Brun (1619–90), invloedryke sisteme uitgewerk vir die uitbeelding van mensetipes of menslike emosies nie. Die ongewone plasing van die swaard, asof dit onder die mantel op die skilder/apostel se bors weggesteek word, kan moontlik eerder voorstel dat dit in die liggaam ingesteeek word en die hart geraak of deurboor word – as "besnedenheid van hart" (Deuteronomium 10:16).

In *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) hou die geskilderde figuur 'n boek met albei sy hande vas, naby aan sy liggaam. Die lig wat op die gedetailleerde uitbeelding van die boek val, vorm 'n sekondêre fokuspunt in die skildery. Die Protestantse sentraliteit van die Woord, die Woord as lig vir die Christelike pad en as spieël vir die Christelike lewe, kan hierdeur verbeeld word. Dit kan verder 'n metafoor van geloof wees, soos in Efesiërs 5:8, 9 (White en Buvelot 1999:213), waar Paulus 'n lewe in die Christelike geloof as 'n lewe in die lig stel teenoor die duisternis waarin mense verkeer voordat hulle tot geloof kom.³⁸

Die tulband, as saamtrekpunt van lig, kan die kop as setel van die verstand en van denke beklemtoon, maar terselfdertyd herinner dit aan die rykdom van betekenis wat die verwysing na *hoof* in die Bybel kan ontsluit. Die tulband vervang die donker barette, embleme van bedreve kunstenaarskap, wat in vele van Rembrandt van Rijn se selfportrette voorkom. Hoewel die sterk impasto die verfproses kan uitlig, word hy in *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) spesifiek nie voorgestel as skilder nie. Chapman (1990) en Alpers (1983, 1988) se beklemtoning van die plek van kunsproduksie en teatrale rollespel as belangrikste uitgangspunte vir interpretasie berei die pad voor vir die meer radikale benadering van Berger (2000) wat geen betroubaarheid of waarheid erken nie, maar toon wat gebeur met afbeeldings "when we take seriously, and radically, the notion of the self as a social construction" (Wolf 2001:567).

Selfportret as die apostel Paulus (Figuur 1) kan as veel meer as slegs 'n sosiale konstruksie opree wanneer aanvaar word dat dit deel vorm van 'n groep skilderye van apostels en heiliges wat Rembrandt van Rijn tussen 1657 en 1661 skilder. Hierdie skilderye, ingebied in die alledaagse bestaansonder dat hulle bybelse tipes word, word deur Wheelock (2005:99) beskryf as "ordinary individuals of extraordinary faith. Here, Rembrandt achieved a unique elision of the everyday with the spiritual, creating, in effect, a new example". Hierdie "nuwe voorbeeld" kan soos Matteus 9:17 se "nuwe wyn in nuwe sakke" (Seerveld 1964) of Paulus se "nuwe mens" (Efesiërs 4:22–24) funksioneer by Rembrandt van Rijn se benadering, maar

kan terselfdertyd 'n nuwe manier wees om sy werk uit 'n gebroke-kosmos-raamwerk te interpreteer.

Die tema van *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) word nie as 'n volheid of totaliteit deur Rembrandt van Rijn voorgestel nie, maar as 'n uitsnit, 'n gedeeltelikheid van die lewe en van die besonderheid, verganklikheid en feitelikheid van mense. Dit erken die onvolledigheid, gebrokenheid en *Partialität* (Kemp 2002) van die selfportretgenre, maar streef terselfdertyd daarna om dit te oortref deur implisierte verwysings na wyer omvattende raamwerke soos God, die wêreld, geskiedenis, die mensheid of die gemeenskap (Van den Berg 2005:60).

11. Verbondlegging in gebrokenheid.

Die draaibeweging van die figuur in *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) kan die skilder, as model vir 'n selfportret, se wending na 'n spieël suggereer. Die vaste blik, die beweeglikheid van die geligte wenkbroue, versterk deur die geplooide voorkop en die weifelende beweging by die mondhoek, kan ook die erkenning van en wending na 'n medemenslike betrakter beklemtoon. Selfvoorstelling skep 'n spesifieke betractersappèl wat verskil van ander skilderysoorte deurdat dit 'n skynbare *intermenslike* dialogiese kommunikasie deur die wêreld van die skildery genereer wat deur betracters geaktualiseer moet word. *Selfaanbieding* beklemtoon nie net die performatiewe aard van selfportrette nie, maar terselfdertyd die subjektiewe beweeglikheid tussen skilder, kunswerk en betrakter.

Die diskursiewe aard van selfportrette impliseer betracters, maar terselfdertyd is dit selfverwysend, kaats dit terug na die spreker, na die wêreld wat dit representeer. 'n Verskeidenheid opvatting word deur die term *kunstenaar* (of *outeur*) omvat – die kunstenaar as "ideation or construct" (Klinger 1991:39) van die Westerse kultuur; die sigbare liggaamlike persoon met 'n psigiese *innerlikheid*³⁹ en sosiale identiteit; die persona wat in die produksie en ontvangs betrek word. Die kunstenaar kan as onvoltooibare potensiaal binne, maar ook buite, die wêreld van die voorstelling bestaan, sodat ook die persoonlike wêreld van Rembrandt van Rijn in *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) tot ontplooiing kan kom. Uiteindelik kan sy posisie as eksterne kunstenaar sowel as betrakter van sy vroeë assistentselfpresentasies in sy kruisigingstonele die begin wees van 'n lang pad van verkenning, ontdekking, begrip en aanbieding van die eie, persoonlike karakter.

Ten spyte van intensionele selfaanbieding⁴⁰ bly Rembrandt van Rijn slegs gedeeltelik kenbaar deur tekens en konvensies vervat in verskeie rolle of personaewaardeur hy homself aanbied. Wanneer hy die deelnemende rolle in sy kruisigingsvoorstellings en dié van Paulus wat alles vir almal wou word (I Korintiërs 9:22) opneem, belig hy die oneindige kompleksiteit van rollespel.⁴¹ Die implisierte rollespel van die selfportret word terselfdertyd deur die subjektiwiteit daarvan getransendeer (Ricoeur 1981:139). Koerner (1986) argumenteer dat dit wat die geskilderde gelaat onderskei van ander objekte en wat die interpretasie daarvan enigsins moontlik maak, die sonderlinge en vreemde vermoë is om die

menslike persoon as *subjek* sigbaar te maak in die wêreld van die uitbeelding.⁴² Dit hou ook verband met die inherente, potensiële gesag van uitbeeldings (Belting 1981, 1990, 1994, 2001).

Die fundamentele hoedanigheid van die *subjective depth* (Koerner 1986:8) van selfaanbiedings is terselfdertyd die ontoeganklikheid daarvan. Deur sogenaamde distansiasie kan ek as betrakter erken dat ek geen affektiewe affiniteit met die intensies van Rembrandt van Rijn ágterdie skildery in *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) het nie. Ek kan slegs iets verstaan deur appropriasie – om te verstaan op 'n afstand, om myself bloot te stel aan die voorstelling en daardeur 'n uitgebreide self te ontvang (Ricoeur 1981:143). *The return of the prodigal son* (1992) van Henri Nouwen verteenwoordig 'n geskrewe reaksie op 'n (meditatiewe) oopstelling aan *Die terugkeer van die verlore seun*⁴³ van Rembrandt van Rijn, terwyl my eie ontmoeting met sy *Selfportret as die apostel Paulus* dieselfde soort kruising van ooreenstemmende beeldmag en wêreldbeskoulike raamwerke kan ontbloot (Van den Berg 1996:18): 'n Christelike bewussyn van 'n vertroebelde menslikheid, ingebed in 'n Protestantse *coram Dei*-benadering. Menslike subjektiwiteit kan so in ooreenstemming gebring word met onwillekeurige onderwerping aan, toegewyde diens van en deelnemende binding met die bronne van beeldmag. Verbintenis van hierdie omvang sluit aan by die basiese, bykans onveranderlike wêreldbeskouings van mense wat die ontmoeting tussen kunstenaars en betrakters in die wêreld van die skildery kan beding (Van den Berg 1996).⁴⁴

Die betraktersrol kan op verskeie maniere opgeneem word, want die dialogiese proses bestaan nie uit 'n aktiewe sender met 'n passiewe ontvanger in wie die intensies van die kunstenaar gerealiseer word nie. 'n Kunswerk is op resepsie ingestel, met betrakters wat in die struktuur van die werk ingekomponeer, *vorgedacht* (Kemp 1983:32) is. Deur die manier waarop Rembrandt van Rijn homself uitbeeld as die apostel Paulus, kan betrakters deel in sy diepste verbintenis aan 'n normatiewe beeld van homself, van sy samelewing, sy geskiedenis en sy godsbegrip. Subjektiwiteit kan selfs by *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) herlei word tot 'n *ethos* van betroubaarheid en verantwoordelikheid, tot die grondbetekenis om onderworpe te wees. Hierdie bree siening van subjektiwiteit, outhoriteit en onderworpenheid soek egter 'n korrelaat, 'n wederkerige betrekking aan bepalings wat nie deur die mens self gestel is nie (Rookmaaker 1994).

Levinas (1989) argumenteer dat daar in intermenslike verkeer altyd erkenning gegee word aan die ontmoeting tussen subjekte, maar dat mense hulself slegs kan aanbied in 'n verhouding wat nie op mag gebaseer is nie. Die *ontmoeting* van skilder en betrakter deur 'n skildery soos *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) kan dus 'n *verhouding* word net as die *magsbalans* deur nóg die skilder/outeur nóg die betrakter versteur word. Levinas se konsep kan as 'n bron dien vir die ontwikkeling van 'n meer simpatieke, deelnemende visuele kultuur en 'n etiek van die uitbeelding waarin die betrakters "[performatively] reenact specific relations of visual involvement. Painting might then function in a way analogous to ethical language" (Van de Vall 2003:109).⁴⁵ *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) en Rembrandt van Rijn se kruisigingstonele gee erkenning aan hierdie tipe subjektiewe menslike bestaan wat die moontlikheid ontvou van 'n besondere soort visuele betrokkenheid.

Uit 'n religieuse perspektief beskryf Morgan (2005) die moontlikheid van so 'n betrokkenheid of ontmoeting as 'n *covenant* of verbond tussen die kunstenaar en die betrakter, deur die uitbeelding.⁴⁶ By *Die Kruisafneming* (Figuur 3) en *Die Kruisoprigting* (Figuur 4) van Rembrandt van Rijn en by sy *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) kan dit gelees word as verteenwoordigend van die credo of geloofsbelijdenis van die skilder. Dit stel die self as 'n tipe waarborg, 'n getuie (soos in 'n hofsaak) van die integriteit van dit wat aangebied word, sodat die self getransendeer kan word deur verbondlegging, *bonding*, in en deur die selfaanbieding, met medemense en met God. Hierdeur kan die betrakter uit 'n ooreenstemmende wêreldbeeld reageer op die uitnodiging om 'n dieper laag van die skildery te betree, 'n dieper geloof te deel met dit wat voorgestel word in die skildery – 'n eienskap wat ek hier as 'n uitgangspunt van 'n tipikoniese gebroke-kosmos-wêreldbeeld vertolk. As betrakter kan ek deur Rembrandt van Rijn se skilderye gerealiseer, gepotensialiseer, gekonstitueer word. Ek kan die verbeeldingryke variasies van die *ego* ontdek; maar ek kan myself vind net deur myself te verloor, deur prysgawe.

Die bybelse temas in die verwysing na 'n Christelike uitgangspunt in Rembrandt van Rijn se *Christus aan die Kruis* (Figuur 2), *Die Kruisafneming* (Figuur 3), *Die Kruisoprigting* (Figuur 4) en *Selfportret as die apostel Paulus* (Figuur 1) word verdiep deur die rykdom van sinspelende gelaagdheid, retoriiese oorredingsvermoë en chiasmiese veelkantigheid in sy gebroke kosmos. Dit maak sy werk tot kernvoorbeeld van die gebroke-kosmos-tradisie. Geen ander kunstenaar kon hierdie bydrae weer ewenaar nie, maar Rembrandt van Rijn het soveel navolging in die kunsgeskiedenis gevind dat sy hipotese van gebrokenheid in vele en uiteenlopende vorme gedurig teruggevind kan word deur die moontlikhede van verskuiwings, migrasies, ryping, verdieping, dialoog. Sy bydrae definieer die gebroke-kosmos-tradisie, terwyl die gebroke-kosmiese tradisie sy werk omskrywe.

Bibliografie

- Adams, A.J. (red.). 1998. *Rembrandt's Bathsheba reading king David's letter*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Alpers, S. 1983. *The art of describing. Dutch art in the seventeenth century*. Londen: John Murray.
- . 1988. *Rembrandt's enterprise. The studio and the market*. Chicago: University of Chicago Press.
- Badt, K. 1933. Die Idee der Welt und das Selbst als fundamentale Wesenheiten bildender Kunst: Bruchstück einen Entwurfs. *Festschrift für Walter Friedländer*. (Maschinenschrift.)
- . 1956. Der Gott und der Künstler. *Philosophisches Jahrbuch der Görres-Gesellschaft*, 64:372–92.

- Bal, M. 1991. Reading "Rembrandt". *Beyond the word-image opposition*. Cambridge: Cambridge University Press.
- . 2003. Her majesty's masters. In Zimmerman (red.) 2003.
- Barclay, W. 1983. *The mind of St Paul*. Londen: Fount Paperbacks.
- Barthes, R. 1957. *Mythologies*. Parys: Seuil.
- . 1977. The rhetoric of the image. In Heath (red.) 1977.
- Bartholomew, C. (red.). 2000. *In the fields of the Lord: A Seerveld reader*. Toronto: Tuppence Press.
- Bauch, K. 1960. Geschichte des Begriffes "imago" im Übergang vom Altertum zum Mittelalter. Beiträge zum Philosophie und Wissenschaft: W. Szilasie zum 70. Geburtstag.
- . 1962. Kunst als Form. Ein Vortrag. *Jahrbuch für Ästhetik und allgemeine Kunsthistorik*, 7:167–88.
- . 1967. *Studien zur Kunstgeschichte*. Berlyn: De Gruyter.
- Baxandall, M. 1985 *Patterns of intention. On the historical explanation of pictures*. New Haven: Yale University Press.
- Becker, J. 1993. Beholding the beholder: The reception of "Dutch" painting. *Argumentation*, 7:67–87.
- Belting, H. 1981. *Das Bild und sein Publikum im Mittelalter. Form und Funktion früher Bildtafeln der Passion*. Berlyn: Mann.
- . 1985 Das Werk im Kontext. In Belting e.a. (samesellers) 1985.
- . 1990. *Bild und Kult. Eine Geschichte des Bildes vor dem Zeitalter der Kunst*. München: Beck.
- . 1994. *Likeness and presence. A history of the image before the era of art*. Chicago, Londen: Chicago University Press.
- . 2001. *Bild-Anthropologie. Entwürfe für eine Bildwissenschaft*. München: Fink.
- . 2005. Toward an anthropology of the image. In Westermann (red.) 2005.
- Belting, H., H. Dilly, W. Kemp e.a. (samesellers). 1985. *Kunstgeschichte: Eine Einführung*. Berlyn: Reimer.
- Berger, H. 2000. *Fictions of the pose. Rembrandt against the Italian Renaissance*. Stanford: Stanford University Press.

- Brandon, S.G.F. 1968 *The holy book, the holy tradition and the holy icon. A phenomenological survey*. In Bruce en Rupp (reds.) 1968.
- Bril, K.A. (red.). 1973. *The idea of a Christian philosophy: Essays in honour of D.H.Th. Vollenhoven*. Toronto: Wedge.
- Brilliant, R. 1991. *Portraiture*. Londen: Reaktion Books.
